SA EXAM PAPERS

YOUR LEADING PAST YEAR EXAM PAPER PORTAL

Visit SA Exam Papers

www.saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

EKONOMIE V1

2016

MEMORANDUM

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 17 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 B - inspuitings ✓✓
1.1.2 C - ekstrapolasie ✓✓
1.1.3 A - Internasionale Monetêre Fonds ✓✓
1.1.4 B - mediumtermyn-bestedingraamwerk ✓✓
1.1.5 B - fiskale ✓✓
1.1.6 B - ekonomiese groei ✓✓
1.1.7 A - Uitgebreide Openbarewerkeprogram ✓✓
1.1.8 A - goeie onderwys ✓✓ (8 x 2) (16)

1.2 PASITEMS

1.2.1 G - wanneer lekkasie meer is as inspuitings ✓
1.2.2 F - vergelyk 'n land se invoerpryse met uitvoerpryse deur gebruik te maak van 'n indeks ✓
1.2.3 D - maak korttermyn fluktuasies in ekonomiese data gelyk ✓
1.2.4 H - afwesigheid van hindernisse en beperkings ✓
1.2.5 I - deur die Reserwebank bestuur ✓
1.2.6 E - verskaf goedere en dienste spoedig en in die verlangde hoeveelhede en kwaliteit ✓
1.2.7 A - staan ook as die arbeidsmag bekend ✓
1.2.8 B - bestaan uit besighede wat soortgelyke produkte produseer ✓
(8 x 1) (8)

1.3 GEE EEN TERM

1.3.1 Finansiële Rekening ✓
1.3.2 Huishoudings/Verbruikers ✓
1.3.3 Globalisering / Internasionale handel / buitelandse handel / globale ekonomie ✓
1.3.4 Infantiele mortaliteit/kindermortaliteit/kindersterftes ✓
1.3.5 Korridors ✓
1.3.6 Begroting (hoofbegroting/nasionale begroting)/Fiskale beleid ✓
(6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING A

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE

2.1 2.1.1 **Noem TWEE makro-ekonomiese doelwitte van die staat.**

- Ekonomiese groei ✓
- Volle indiensneming ✓
- Wisselkoersstabiliteit / Betalingsbalans stabiliteit ✓
- Prysstabiliteit ✓
- Ekonomiese gelykheid ✓
  (Aanvaar enige verduideliking van die bogenoemde doelwitte)

(2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoe kan die Reserwebank rentekoerse gebruik om die ekonomie te stimuleer**?

Deur rentekoerse te verminder ✓ word krediet meer toeganklik en sal lei tot groter besteding wat ekonomiese aktiwiteite sal vermeerder ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante respons) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Watter instelling het die inligting in die grafiek hierbo gepubliseer?**

Statistiek SA / Stats SA / SSA ✓ (1)

2.2.2 **In watter kwartaal van 2014 het Suid-Afrika 'n positiewe verandering in die BBP ervaar?**

Tweede kwartaal ✓ (1)

2.2.3 **Wat is die implikasies van onlangse tendense in die BBP wat plaasgevind het tussen 2011 en 2014?**

Implikasies is:

- 'n Daling in die groeikoers (✓) beteken: Minder is geproduseer ✓✓
- Afname in die inkomste van ondernemings ✓✓
- Afleggings/werksverliese/werkloosheid neem toe ✓✓
- Daling in die inkomste van werkers ✓✓
- Laer lewenstandaard / toename in armoede ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

Enige (2 x 2) (4)

2.2.4 **Verduidelik die belangrikheid van die BBP as ekonomiese aanwyser.**

- Dui die ekonomiese aktiwiteit binne 'n land aan ✓✓
- Meet ekonomiese groei van een jaar na die volgende ✓✓
- Bepaal die lewenstandaard in 'n land
- Verge;yk welvaartsvlakke tussen lande ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)
(Aanvaar ook die omgekeerde effek) Enige (2 x 2) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Identifiseer TWEE parastatale (SBO's) in die uittrekse**l.

- Eskom ✓
- Sanral ✓
- Suid-Afrikaanse Lugdiens ✓ Enige (2 x 1) (2)

2.3.2 **Verduidelik die begrip *privatisering*.**

Staatsbeheerde besighede word oorgedra na privaatsektor ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante respons) (2)

2.3.3 **Hoe hou die swak finansiële welstand van die parastatale (SBO's) 'n bedreiging in vir die Suid-Afrikaanse ekonomie?**

- Hulppakkette wat aan parastatale betaal word verhoog staatsuitgawes waarvoor daar gewoonlik nie begroot was nie ✓✓
- Swakker ekonomiese groei lok nie investering en nuwe projekte nie ✓✓
- Hoër loonooreenkomste mag lei tot hoër inflasie ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante respons) Enige (1 x 2) (2)

2.3.4 **Verduidelik hoe die *privatisering* van die *Staatsbeheerde Ondernemings/Ondernemings in staatsbesit (SBO's) ons fiskale toekoms kan verseker.***

- Inkomste gegenereer deur privatisering is nou addisionele fondse vir die staat ✓✓
- Die belastingbasis sal uitkring, wat 'n groter inkomste vir die staat sal genereer ✓✓
- Dit kan lei tot 'n groter doeltreffendeid in die ekonomie omdat daar meer geld beskikbaar is vir nuwe projekte / verminder skuld ✓✓
- Die staat kan privatisering gebruik om breë-basis-swart ekonomiese bemagtiging te bevorder ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante respons) Enige (2 x 2) (4)

2.4 **Onderskei tussen *leidende* en *sloerende aanwysers.***

Leidende aanwysers:

- Gee die verbruikers, besighede en die staat 'n idee van die rigting waarin die ekonomie besig is om te beweeg ✓✓
- Wanneer die aanwysers styg, sal die vlak van ekonomiese bedrywighede ook 'n paar maande ook/die draaipunt lei na die verwysende draaipunt ✓✓
- Voorbeelde van leidende aanwysers is advertensiespasie vir poste, voorraad en verkope ✓ (Maks 4)

Sloerende aanwysers:

- Verander nie van rigting voordat die sakesiklus nie van rigting verander het nie / die verwysende draaipunt lei na die spesifieke draaipunte ✓✓
- Dit bevestig die gedrag van die leidende aanwysers ✓✓
- Voorbeelde van die aanwysers is: ure gewerk in die konstruksiebedryf en die totale aantal kommersiële voertuie verkoop ✓
  (Aanvaar in tabelvorm)
  ('n Maksimum van 1 punt word vir 'n voorbeeld per aanwyser toegeken)
  (Maks 4) (8)

2.5 **Hoe kan ondoeltreffendhede (oneffektiwiteit) wat bydra tot openbaresektor-mislukking opgelos word?**

- Belastingbetalersgeld kan gebruik word om die optimale toedeling van hulpbronne te verseker ✓✓ Bv. subsidies op meriete aan universiteite om studentefooie laag te hou ✓
- Die beskerming van bedrywe van strategiese belang ✓✓ Bv. die tekstielbedryf wat arbeidsintensief is ✓
- Monitor die besteding van staatsfondse op begrotingsverwante welsynsdienste om nepotisme en korrupsie te voorkom ✓✓
- Stel strukture en beleide in plek om toe te sien dat die omgewing bewaar en beskerm word deur direkte optrede ✓✓ Bv. die aanstel van meer sekuriteitsbeamptes om te voorkom dat diere soos bv. renosters uitsterf ✓
- Om om te gee vir die omgewing op 'n meer indirekte manier deur Bv. Programme om gemeenskappe meer bewus te maak van die toestand waarin die omgewing is ✓✓ Bv. meer omgewingsprogramme op TV en voetsoolvlak ✓
- Menseregte moet gehandhaaf word om samewerking op alle vlakke te verseker ✓✓
  (Aanvaar oplossings wat met burokrasie, onbevoegdheid en korrupsie verband hou)
  (Aanvaar enige korrekte relevante respons)
  ('n Maksimum van 2 punte word vir voorbeelde toegeken) (8)

[40]

VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES

3.1 3.1.1 **Noem TWEE regstellende metodes wat deur die staat gebruik word om die ongelykhede van die verlede aan te spreek.**

- Gelyke Indiensneming / regstellende aksie✓
- Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging ✓
- Grondrestitusie en -herverdeling ✓

(Aanvaar enige korrekte relevante respons)
(Aanvaar verduidelikings van die bogenoemde) Enige (2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoe word die ontwikkelende lande deur globalisering uitgedaag?**

- Uitputting van hulpbronne ✓✓
- Onregverdige kompetisie in die internasionale markte ✓✓
- Die vraag na ongeskoolde arbeid neem af ✓✓
- Die armes word armer ✓✓
- 'n Verlies van nasionale identiteit ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante respons) Enige (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Gee EEN rede vir die dalende staalprys.**

- Goedkoop invoere ✓
- Devaluasie van China se geldeenheid ✓
- Gereelde kragonderbrekings ✓
- Gewelddadige nywerheidsoptrede ✓
- Onvoldoende infrastruktuur ✓
- Stygende produksiekoste ✓ (1)

3.2.2 **Wie is Afrika se grootste staalprodusent?**

ArcelorMittal ✓ (1)

3.2.3 **Waarom dink jy het China sy geldeenheid gedevalueer?**

- Om uitvoervolumes hoog te hou ✓✓
- Om die plaaslike produksie te stimuleer ✓✓
- Ondersteun ekonomiese groei ✓✓
- Skepping van nuwe werksgeleenthede ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante respons) Enige (1 x 2) (2)

3.2.4 **Wat is die gevolg van die devaluasie van China se geldeenheid op die staalbedryf in Suid-Afrika?**

- Die vraag na ons staal het gedaal ✓✓
- Verlies aan wins ✓✓
- Afleggings / werksverliese ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante respons) Enige (1 x 2) (2)

3.2.5 **Na jou mening wat kan die Suid-Afrikaanse regering doen om die negatiewe effek van die staalkrisis te verminder?**

- Om tariewe in te stel op sekere staalprodukte ✓✓
- Om die kwessie tussen die staalbedryf en arbeid te fasiliteer om die skaal van afleggings te beperk ✓✓
- Om Eskom se kapasiteit om elektrisiteit te lewer te verhoog ✓✓
- Om die staalbedryf te subsidieer vanweë sy strategiese belangrikheid en die arbeidsintensiewe aard daarvan ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante respons) Enige (2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer EEN land wat deel vorm van BRICS.**

- Brasilië ✓
- Rusland ✓
- Indië ✓
- China ✓
- Suid-Afrika ✓ (1)

3.3.2 **Watter lidland stel belang om met Suid-Afrika 'n kernkrag ooreenkoms aan te gaan?**

Rusland ✓ (1)

3.3.3 **Verduidelik die begrip ontluikende ekonomieë.**

- Ontwikkelende lande wat aanloklik is vir beleggers vanaf ontwikkelde ekonomieë om vaste- en portefeuljebeleggings te maak ✓✓
- Ontwikkelende lande wat vinnig op koers is met industrialisasie en ekonomiese groei ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte definisie) (2 x 2) (4)

3.3.4 **Hoe kan Suid-Afrika uit die Nuwe Ontwikkelingsbank BRICS voordeel trek?**

- Verkry toegang tot fondse vir infrastruktuur en ontwikkeling✓✓
- Sal toegang hê tot geskikte en volhoubare ontwikkelingsprojekte ✓✓
- Verkry toegang tot fondse teen gunstige rentekoerse ✓✓

(2 x 2) (4)

3.4 Onderskei tussen *ekonomiese groei* en *ekonomiese ontwikkeling*.

Ekonomiese Groei
- 'n Toename in die produktiewe kapasiteit van die ekonomie oor tyd ✓✓
- Dit is 'n toename in die reële BBP ✓✓
- Fokus op goedere en dienste ✓✓

Ekonomiese ontwikkeling
- Die proses waartydens die lewenstandaard van mense verbeter ✓✓
- Dit word gemeet in die BBP per capita ✓✓
- Fokus op die bemagtiging van mense ✓✓

(Aanvaar in tabelvorm) Enige (2 x 4) (8)

3.5 **Hoe kan spesiale ekonomiese sones (SES's) bydra tot streeksontwikkeling?**

- Bevorder die nuwe program deur die gebruik om streke in 'n gediversifiseerde geïndustrialiseerde ekonomie te omskep ✓✓
- Vestiging van nuwe nywerheidsmiddelpunte in onderontwikkelde gebiede van die land ✓✓
- Die program is kritiek vir die staat se strategiese doelwitte, vir industrialisasie, streeksontwikkeling en werkskepping ✓✓
- Dit sal Suid-Afrika se gewildheid as 'n bestemming vir Vaste Direkte Investering asook binnelandse investering verbeter ✓✓
- Bied ‘n groter moontlikheid van streeksontwikkeling omrede dit nie gekoppel word aan ‘n bepaalde lughawe of hawe nie ✓✓
- SEZ akkomodeer die buitelandse mark vir goedere en dienste sowel as die binnelandse mark ✓✓
- Die spesiale belastingvoordeel bied meer geleenthede vir die vestiging van industrieë ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Enige 4 x 2) (8)

[40]

VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE & EKONOMIESE STREWES

4.1 4.1.1 **Noem TWEE metodes van invoervervanging.**

- Tariewe ✓
- Kwotas ✓
- Subsidies ✓
- Buitelandse valuta beheer ✓
- Fisiese beheerstandaarde bv. handelsverbod✓
- Wegwysing van handel bv. invoerdeposito's✓ (2 x 1) (2)

4.1.2 **Waarom is nywerheidsontwikkeling noodsaaklik in Suid-Afrika?**

- **Genereer inkomste** – Bedrywe kan duisende werks-geleenthede skep waar 'n inkomste ontvang kan word ✓✓
- **Stimuleer ekonomiese groei** – Nywerheidsontwikkeling sal 'n styging in die produksie van goedere en dienste verseker ✓✓
- **Skep meer werksgeleenthede** – Arbeidsintensiewe nywerhede sal baie nuwe werksgeleenthede bied ✓✓
- **Vermeerder die uitvoer van waarde-toegevoegde-produkte** – Nywerhede kan waarde toevoeg tot die groot verskeidenheid van natuurlike hulpbronne wat ons in die land het ✓✓

Enige (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Na watter belastingskaal word in die opskrif van die uittreksel verwys?**

Progressiewe ✓ (1)

4.2.2 **Watter belangrike element van regstellende aksie kom in die uittreksel voor?**

Regstelling van ongelykheid in inkome/armoede ✓ (1)

4.2.3 **Verduidelik die negatiewe uitwerking van hoë belastingkoerse.**

- Belastingbetalers ontwikkel 'n belastingweerstandigheid ✓✓
- Ontduiking / Vermyding van belasting ✓✓

<u>Ontmoedig mense om</u>:
- Tot die arbeidsmark toe te tree ✓✓
- Bevorderings te aanvaar ✓✓
- Langer ure te werk ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante respons) Enige (2 x 2) (4)

4.2.4 **Bereken die belasting betaalbaar van 'n persoon met 'n belasbare inkomste van R200 000 per jaar. Toon AL die berekeninge.**

R32 742 ✓ plus (R18 100 X 26%) ✓ = R 4 706 ✓

Totale belasting betaalbaar = R 37 448 ✓ (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Watter internasionale instelling het volgens die uittreksel hierbo die data voorsien?**

Wêreldbank ✓ (1)

4.3.2 **Wanneer het inkome ongelykheid in Suid-Afrika drasties begin styg?**

2009 ✓ (1)

4.3.3 **Watter indeks beskryf die persentasie van die bevolking wat onder die armoedegrens-inkomste lewe?**

Koptellingsindeks ✓✓ (2)

4.3.4 **Gee 'n rede waarom armoede in Suid-Afrika tussen 2000 en 2006 afgeneem het**.

- Toename in welsynstoelae ✓✓
- Toename in die informele sektor✓✓
- Implementering van vaardigheidsontwikkelingsprogramme✓✓ (2)

(Aanvaar enige korrekte relevante respons)

4.3.5 **Wat is die verband tussen die Lorenz-kromme en die Gini-koëffisiënt?**

- Hoe verder die Lorenz kurwe is van die lyn van perfekte gelykheid (hoe groter die inkome ongelykheid) hoe groter die Gini Koëffisient ✓✓
- Hoe nader die Lorenz kurwe is aan die lyn van perfekte gelykheid (hoe kleiner is die inkome ongelykheid) hoe kleiner die Gini Koëffisiënt ✓✓ (2 x 2) (4)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

4.4 **Onderskei tussen die geld-en kapitaalmarkte**.

Geldmark

- Termyn: Korttermynlenings en baie korttermynfondse ✓✓
- Wie dryf handel in die mark: Individue en sakeondernemings ✓✓
- Voorbeelde: Banke, Versekeringsmaatskappye ✓
- Produkte: Banksekuriteite, staatskiswissels en staatseffekte word verhandel ✓✓ (Maks 4)

Kapitaalmark

- Termyn: Langtermynfondse ✓✓
- Wie dryf handel in die markte: Individue en sakeondernemings ✓✓
- Voorbeelde: Die Johannesburgse Sekuriteitebeurs is 'n sleutelinstelling in die kapitaalmark ✓
- Produkte: Bv. verbandlenings en aandele word verhandel ✓✓
  (Aanvaar in tabelvorm) (Maks 4) (8)

4.5 **Na jou mening hoe kan die Suid-Afrika se monetêre beleid tot 'n groter ekonomiese groeikoers bydra?**

- Die Reserwebank moet die waarde van die rand beskerm deur pryse te stabiliseer binne die inflasieteikens wat direkte vaste investering sal aanmoedig ✓✓
- 'n Laer inflasiekoers sal lei tot laer pryse/maklike beskikbaarheid van krediet sal besteding en produksie aanmoedig, en die toename in plaaslike produksie sal die tekorte op die betalingsbalans verminder ✓✓
- Deur die uitvoere van plaaslike produkte te bevorder kan die tekorte op die saldo op die lopende rekening verminder word ✓✓
- Die Reserwebank kan die Repokoers verlaag - daardeur die toegang tot krediet vergemaklik / die geldvoorraad vermeerder ✓✓
- Die styging in plaaslike produksie sal die wisselkoers stabiliseer wat die invloei van kapitaal van ander lande sal aanmoedig en wat uiteindelik plaaslike produksie verder sal stimuleer ✓✓
  (Die verband tussen enige monetêre beleidsinstrument bv. opemarktransaskies en 'n hoër groeikoers moet bepunt word)

(Enige 4 x 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding 'n Goeie beginpunt sal 'n definisie oor die onderwerp wees.	Maks. 2
Liggaam **Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed (Analiseer)/Vergelyk/Evalueer/ Onderskei/Verduidelik/Assesseer/Debatteer **Addisionele gedeelte:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/ Lei af / Vergelyk/ Verduidelik / Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe?/Stel voor	Maks. 26 Maks. 10
Slot Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit: • 'n Kort samevatting van wat bespreek is, sonder om enige feite wat reeds genoem is, te herhaal • Enige opinie of waarde-oordeel oor die feite wat bespreek is • Addisionele ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk • 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra • Aanbevelings	Maks. 2
TOTAAL	**40**

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE

In die wêreldekonomie streef lande daarna om meer uit te voer as wat hulle invoer om die voordele van internasionale handel te maksimaliseer.

- **Ondersoek die aanbodredes vir internasionale handel. (26 punte)**
- **Gebruik 'n grafiek en verduidelik hoe 'n styging in uitvoere na die VSA die waarde van die rand sal beïnvloed. (10 punte)** **[40]**

INLEIDING

Daar is baie redes vir internasionale handel, omdat lande 'n surplus van sekere goedere en 'n tekort aan ander goedere beleef, en hulle handeldryf om hierdie onewewigtighede uit te skakel ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord) (Maks 2)

HOOFGEDEELTE:

LIGGAAM

Natuurlike hulpbronne ✓

- Hierdie hulpbronne is nie eweredig tussen al die lande van die wêreld versprei nie ✓✓
- Dit wissel van land tot land en kan slegs ontgin word in plekke waar hierdie hulpbronne voorkom ✓✓
- Suid-Afrika is goed bedeeld met verskillende natuurlike hulpbronne maar minder bedeeld met geskoolde arbeid en kapitaal ✓✓
- Japan en Ierland het 'n relatiewe oorskot van geskoolde arbeid maar 'n tekort aan

natuurlike hulpbronne ✓

Arbeidsbronne ✓
- Arbeid verskil van land tot land in terme van vaardighede, kennis, opleiding, kwaliteit, kwantiteit en koste ✓✓
- Sommige lande het hoogs geskoolde, goedbetaalde werkers met hoë produktiwiteitsvlakke ✓✓
- Bv. Switserland ✓

Die beskikbaarheid van kapitaal ✓
- Sommige lande benodig gemoderniseerde industrieë en ekonomieë met gevorderde masjinerie, toerusting en aanlegte, maar kan nie hierdie toerusting vervaardig nie te wyte aan 'n gebrek aan kapitaal ✓✓
- Dit het die behoefte vir internasionale handel verhoog ✓✓

Gebrek aan entrepreneurskap ✓
- Lande met goeie entrepreneuriese vaardighede lewer meer goedere en dienste om te verhandel ✓✓
- Doeltreffendheid bepaal die aanbod van goedere en dienste geproduseer teen laer pryse, en verminder die geleentheidskoste om dit te bekom ✓✓

Klimaatstoestande ✓
- Hierdie toestande maak dit moontlik vir sommige lande om sekere goedere teen 'n laer prys as ander lande te lewer ✓✓
- Bv. Brasilië is die grootste koffie produsent ✓
- Lande het verskillende klimaatstoestande en is dus in staat om verskillende produkte te produseer ✓✓

Tegnologiese hulpbronne ✓
- Die ontwikkelingsvlakke en innovasieprosesse (inisiatief) van lande sal altyd verskil en gevolglik het ander lande dit in oorvloed terwyl sekeres niks het nie ✓✓
- Lande soos Duitsland en die Verenigde State is in staat om kapitaal te gebruik wat hoë vlakke van tegnologie insluit terwyl ander lande nie toegang tot die nuutste tegnologie het nie ✓✓
- Hierdie lande met 'n hoë tegnologies-ontwikkelde arbeidsmag is in staat om sekere goedere en dienste teen 'n lae eenheidskoste te produseer ✓✓
- Bv. VSA en Duitsland ✓

Spesialisasie ✓
- Die produksie van sekere goedere en dienste stel sekere lande in staat om dit teen 'n laer koste as ander lande te produseer ✓✓
- Bv. Japan produseer elektroniese goedere en verkoop hulle teen 'n laer prys ✓
- Internasionale handel stel lande in staat om te spesialiseer in die produksie van goedere en dienste waarin hulle 'n komparatiewe voordeel bo ander het ✓✓
- Meeste van hierdie surplusproduksie word uitgevoer na ander lande en die inkomste verdien uit hierdie uitvoere kan gebruik word om invoer van uitsette uit ander lande te finansier ✓✓ (Maks. 26)

ADDISIONELE GEDEELTE

GRAFIEK:



Punte toegeken vir grafiek:

- Benoeming van/op asse = 1
- Vraag- en aanbodkurwes = 1
- Beweging van vraagkurwe = 2
- Beweging van prys = 1
- Beweging van hoeveelheid gevra = 1

Maksimum: 6 punte

VERDUIDELIKING:

- 'n Styging in uitvoere na die VSA sal lei tot 'n groter vraag na die rand van V_1 tot V_2 ✓✓
- Die hoeveelheid rand gevra styg van 50 tot 52bn ✓✓
- Die prys van die rand in terme van die dollar styg van .060 dollar per rand tot .062 dollar per rand ✓✓ Maks (3 x 2)

(Aanvaar enige korrekte relevante verduideliking) (Maks 10)

Let op: Indien kandidate die asse merk as prys van dollar in terme van rand. Bv. 1$ = R15, sal daar 'n verskuiwing van die aanbodkurwe na regs wees, wat die waarde van die dollar sal laat daal. Dit beteken dat die waarde van die rand sal toeneem. Hierdie verduideliking moet verband hou met die korrekte grafiek ('n toename in die aanbod van dollars en 'n daling in die prys van dollars – die waarde van die rand het toegeneem)

GEVOLGTREKKING

Die behoefte aan integrasie sal nooit absoluut wees nie omdat nasies van die wêreld mekaar nodig het om te oorleef en vir ontwikkelingsdoeleindes ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante gevolgtrekking) (Maks. 2) **[40]**

VRAAG 6 EKONOMIESE STREWES

Die jaarlikse ontleding van lande se ekonomiese prestasie is baie belangrik. Dit word deur internasionale instellings en regerings gedoen om te bepaal hoe lande in vergelyking met ander lande presteer het.

- **Ontleed die volgende ekonomiese aanwysers wat gebruik word om die prestasie van die ekonomie te meet:**
  - **Produktiwiteit (10 punte)**
  - **Buitelandse handel (16 punte)**
- **Waarom is vergelykings van lande se ekonomiese prestasie belangrik? (10 punte)** **[40]**

INLEIDING

Ekonomiese aanwysers is statistiek wat die algemene neigings in die ekonomie toon en word gebruik om die ekonomiese prestasie van die ekonomie in die toekoms te voorspel ✓✓ (Maks 2)
(Aanvaar enige korrekte relevante inleiding)

INHOUD

HOOFGEDEELTE

<u>Produktiwiteit</u>

- Dit is moontlik om DRIE soorte produktiwiteit te bereken nl. Arbeid, kapitaal en multifaktorproduktiwiteit ✓✓

Arbeidsproduktiwiteit ✓

- is egter die een wat fyn dopgehou moet word, veral in verhouding tot reële loonstygings ✓✓
- Bv. In Suid-Afrika styg produktiwiteit minder as arbeidsvergoeding ✓
- Die ekonomie het gevolglik gesukkel om uit 'n resessie te bly ✓✓
- Arbeidsproduktiwiteit word gemeet deur die reële BBP deur die aantal werkers in diens te deel ✓✓

Vergoeding per werker ✓

- As produktiwiteit minder styg as die reële loonstygings, sal inflasiedruk voorkom ✓✓
- Die verband tussen produktiwiteit en lone is uiters belangrik vir werkgewers en werkers en daarom is dit belangrike aanwysers ✓✓
- Vir die werkgewers om te oorleef in erg kompeterende markte ✓✓
- Vir die werkers om op hul salarisse te oorleef ✓✓ (Maks 10 punte)

(<u>Aanvaar 'n analise van ander tipes produktiwiteit)</u>

<u>Buitelandse handel</u>

- In ons wêreld wat al meer geglobaliseerd raak, is internasionale handel baie belangrik ✓✓
- Uitvoere dien as stimulant vir indiensneming en invoere lei tot 'n wyer keuse by verbruikers ✓✓

Die ruilvoet ✓

- Dis die verhouding tussen uitvoerpryse en invoerpryse ✓✓
- Alhoewel die ruilvoet net in pryse uitgedruk word, sal veranderinge die hoeveelhede (volume) beïnvloed ✓✓
- Veranderinge in die ruilvoet dien as 'n aanwyser van veranderinge wat mag oorspoel op die betalingsbalans ✓✓

As dit gebeur sal die geldeenheid depresieer of appresieer ✓✓

Die wisselkoers ✓

- 'n Wisselkoers is die prys van een land se geldeenheid in terme van 'n ander
- land se geldeenheid ✓✓
- Meeste lande het 'n aantal wisselkoerse, soortgelyk aan die rand ✓✓
- As die rand appresieer teen die VSA dollar mag dit depresieer teen die euro ✓✓
- Veranderinge in 'n wisselkoers beïnvloed die pryse van invoere en pryse van uitvoere ✓✓ bv. 'n depresiasie van die rand teen die dollar sal lei tot VSA goedere en dienste wat duurder raak plaaslik en verdienste uit uitvoere na die VSA sal styg, alhoewel die volume dieselfde sal bly en die teenoorgestelde gebeur as die rand appresieer ✓ (Maks. 16 punte)

ADDISIONALE GEDEELTE

- Deur die ekonomiese prestasie van lande te meet aan internasionale standaarde, kan 'n land se prestasie oor 'n spesifieke aspek gemeet word deur die gebruik van 'n spesifieke aanwyser ✓✓
- Hierdie vergelyking met ander lande se prestasies rakende dieselfde aspek, word uitgedruk deur dieselfde aanwyser te gebruik ✓✓
- Deur Suid-Afrika se prestasie met dié van ander ontwikkelende lande te vergelyk, waar soortgelyke uitdagings beleef word, maak die vergelyking meer billik en bruikbaar ✓✓
- Beleggingsbanke kan hierdie aanwysers gebruik in vooruitskatting op opbrengste wat verwag kan word as hulle kapitaal in 'n sekere land belê ✓✓
- Internasionale handel verwag dat betalings gemaak word deur die huidige wisselkoers te gebruik ✓✓
- Wisselkoerse sal die werklike bedrae bepaal wat ontvang en betaal word aan en deur Suid-Afrika – 'n vryswewende wisselkoers word gebruik ✓✓
- Aanwysers maak dit moontlik vir 'n land om te identifiseer waar hy goed presteer en waar meer aandag gefokus moet word ✓✓
- 'n Land kan 'n beter begrip van sy prestasie ontwikkel in spesifieke gebiede en kan lande identifiseer by wie hulle kan leer ✓✓
- Ekonomiese- en sosiale aanwysers word op 'n spesifieke manier vir 'n land saamgestel om hulle in staat te stel om hulp en befondsing van organisasies te ontvang rakende internasionale handel ✓✓
- Sulke voordele kan nie aan daardie lande gegee word wat dit versoek sonder dat hierdie aanwysers beskikbaar is nie ✓✓
- Die buiteland, owerhede, internasionale instellings en NRO's is wêreldwyd betrokke by verskeie aktiwiteite, soos die verskaffing van finansiële hulp, betaal van toelaes, gee van lenings en lewering van gratis dienste ✓✓
- Menseregte word beklemtoon vir kinders en vroue, arbeidsorganisasies, geslagsdiskriminasie, rassediskriminasie en misdaad ✓✓

- Omgewingsaanwysers soos besoedeling, ekosisteem vernietiging, dierspesies wat wêreldwyd bedreig word, varswaterbronne en ondergrondse water uitputting ✓✓
- Owerheidsaanwysers wat korrupsie en nepotisme beklemtoon, konstante dienslewering soos water en energievoorsiening, regsgeldigheid in terme van arrestasies, vervolgings en skuldigbevindings en gereelde verkiesings ✓✓

(Maks. 10) (26)
[40]

GEVOLGTREKKING

Vir 'n land om te groei en ontwikkel, is dit krities dat hierdie hulpmiddels in beplanning en operasionele doeleindes gebruik sal word ✓✓ (Maks. 2)
(Aanvaar enige korrekte relevante respons)

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL 150

Kopiereg voorbehou